

LAERSKOOL CONSTANTAPARK

Selfoonbeleid

Na aanleiding van die *Distrik Memorandum No 373 van 2006 gedateer 1 September 2006* wat wys op die gevare van pornografiese materiaal op leerlinge se selfone, steurings in die klas, asook verskeie insidente hierdie jaar, gee ons die hersiene selfoonbeleid vir u deur om leerlinge asook leerkragte se veiligheid en privaatheid te beskerm.

BELEID VAN DIE SKOOL

Leerlinge mag in besit wees van 'n selfoon onder die volgende voorwaardes:

- Selfone moet afgeskakel word tydens skoolure en buite sig gebêre word.
- Géén oproep mag gemaak word, of boodskappe gestuur word na enige iemand tydens skoolure nie.
- Daar kan ter enige tyd van 'n leerling verwag word om sy/haar selfoon deur 'n onderwyser te laat deursoek vir ongewenste beeldmateriaal, foto's, sms'e en of om enige ander rede.
- Selfone word op eie verantwoordelikheid skool toe gebring.
- Tydens noodgevallen mag die leerling sy selfoon gebruik met die toestemming van die onderwyser soos byvoorbeeld om ouers te kontak.

PROSEDURE INDIEN REËLS OF VOORWAARDES OORTREE WORD

- a) Indien 'n leerling sy/haar selfoon onreëlmatig gebruik, sal die selfoon afgeneem word en in die skool se kluis geberg word. 'n Kwitansie sal uitgereik word as bewys. Die leerling mag die foon aan die einde van die week kom afhaal nadat 'n administrasiefooi van R50 betaal is. 'n Debietinskrywing sal aangebring word (10 punte).
- b) Indien daar ongewenste materiaal op die foon gevind word, sal die leerling dadelik verwys word na die Ondersteuningsentrum, Adjunkhoof of Hoof waarna die betrokke leerling se ouers telefonies gekontak sal word.
- c) 'n Oortreding van paragraaf b hierbo het 'n debietinskrywing van 30 punte en kan tot gevolg hê dat so 'n leerling geskors kan word vir bepaalde aantal dae.
- d) Detensieklas kan as strafmaatreël gebruik word.

Laerskool Constantiapark beskou die veiligheid van hulle leerlinge as van die hoogste prioriteite. Effektiewe leer en onderrig kan nie plaasvind as leerlinge en medeleerlinge se aandag gedurig onderbreek word deur toe te laat dat aandag deur allerhande tegnologiese uitvindings wat verkeerd bestuur word, afgelei word nie. Daarom beskou ons enige oortreding in dié verband in 'n ernstige lig.